**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersieningsnommer: 539/2006

In die spesiale hersiening van:

**DIE STAAT**

en

**JOHANNES MAY**

---

**CORAM:** VAN ZYL, R *et* MILTON, Wnd R

---

**UITSPRAAK:** VAN ZYL, R

---

**GELEWER OP:** 25 MEI 2006

---

[1] Die beskuldigde is op 13 Januarie 2006 in die distrikshof te Edenburg skuldig bevind aan diefstal onder saaknommer 92/2005 en na die streekhof verwys vir vonnis. Op 28 Maart 2006 het die aangeleentheid voor die streekhof gedien onder streekhof saaknommer 14/06. Die distrikshof notule was aan die streeklanddros voorgelê waarna die skuldigbevinding bekragtig is en getuienis ter strafversagting aangehoor is. Voor vonnisoplegging is die

onderhawige aangeleentheid egter ooreenkomstig die bepalings van artikel 304A van die Strafproseswet, Wet 51 van 1977 vir spesiale hersiening na hierdie hof verwys.

[2] In die skrywe van die streeklanddros, Mev. Voges, wat die spesiale hersiening vergesel het, is voormelde omstandighede op rekord geplaas, sowel as die volgende:

> "2. Die skuldigbevinding is bekragtig en getuienis ter versagting aangehoor. Die beskuldigde het toe onder andere aan die hof voorgehou dat hy tans 'n vonnis van 3 jaar gevangenisstraf uitdien wat op 7 Februarie 2006 opgelê is.
>
> 3. Navrae na die besonderhede van die opgelegde vonnis het op 21 April 2006 aan die lig gebring dat die beskuldigde op 7 Februarie 2006 vir dieselfde oortreding in die streekhof gevonnis is in saaknommer SH03/06. 'n Afskrif van die notule in saaknommer 92/2005 was in daardie verrigtinge ook aan die streekhof voorgelê.
>
> Die Hersieningsregter word gevolglik respekvol versoek om die skuldigbevinding in saaknommer SH14/06 tersyde te stel."

‘n Skrywe deur die Waarnemende Streekhofpresident wat die outomatiese hersiening vergesel het, het vermeld dat die versoek van die streeklanddros ondersteun word vanweë die redes vermeld in die streeklanddros se skrywe.

[3] By nagaan van die oorkonde wat aan hierdie hof voorgelê is, blyk dit dat die beskuldigde inderdaad reeds ten opsigte van die aanklag waarop hy nou weer skuldig bevind is, in ‘n vorige saak reeds skuldig bevind en gevonnis is. Die skuldigbevinding in die onderhawige saak is gevolglik nie ooreenkomstig die reg nie en moet tersyde gestel word.

[4] In die vooropstelling word die volgende bevel verleen:

1. Die skuldigbevinding van die beskuldigde op ‘n aanklag van diefstal op 13 Januarie 2006 in die distrikshof te Edenburg onder saak no. 92/2005, sowel as die bekragtiging van die skuldigbevinding op 28 Maart 2006 in die streekhof te Edenburg onder saaknommer SH14/2006, word tersyde gestel.

**C. VAN ZYL, R**

Ek stem saam.

**D. MILTON, Wnd R**

/EM